**Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging**

Soutpansberg

**NOTULE VAN TAKVERGADERING OP 7 AUGUSTUS 2019 GEHOU TE FRANSIE VERMAAK SAAL (IMPALA AAND)**

## 1. OPENING, VERWELKOMING EN ORDE REËLINGS

Charles verwelkom almal. Dr Len van der Walt open met gebed. Probleem met webwerf so Notule is op Facebook geplaas en eers vandag ge-e-pos. Het nie vergadering gehad in Julie nie, daar was te min belangstelling. Verwelkom weer vir Dr Len van der Walt wat weer terug is. Welkom aan ons nuwe lede.

## 2. PRESENSIE, BYWONING EN VERSKONINGS

2.1. Verskonings

Willie Scheepers, Jannie van Zyl, Johani Holtzhausen, Gerald Marallich, Barend Lombard, Ivan van der Spek, Theo Lordan, Jan en Meisie Malan, Gerhard du Plessis, Steenkamps, Ampie du Toit, Kim Wolmarans, Fritz Ahrens, Tredouxs, Hannes Wafel, George Fogwell, Johan van Nieuwenhuizen, Joos Combrink, Armand Schoeman, Frikkie de Jager, Andre en Elmarie Fogwell, Ben en Jeanette van der Merwe, AC Bekker Snr, Harvey Wright, Cobus van der Goot, Sakkie Muller Jnr, Frans en Lerina Heinlein.

.

## 3. MOSIES (LIEF EN LEED)

3.1 Willie Scheepers het na sy knievervangings operasie kiem in hospitaal opgedoen en was vir twee weke in ICU in Unitas Hospitaal opgeneem. Dit gaan nou beter en sterk nou tuis aan.

3.2 Ons wens Franco Botha en sy vrou, ook Wynand Louw en sy vrou baie geluk met babatjies wat gebore is.

3.3 Baie geluk aan Tiny Rademeyer het tweede gekom in Ratel Kompetisie in Polokwane en leerling raad behaal by die Hoërskool.

3.4 Afsterwe van Vic Jacobs, ons innige simpatie met sy familie

3.5 Oom Coenie se oom Cecil Nel is oorlede en sy jongste broer Fanie is gediagnoseer met kanker en ’n groot operasie gehad, sterkte vir hulle.

3.6 Ansu van Staden is baie siek en gaan nog vir verdere toetse, sterkte vir haar.

3.7 Oom George Fogwell is baie siek met Griep

3.8 Donovan Maralich het ’n nuwe seuntjie, baie geluk

3.9 Lenie Burger se seun Jaco is nou in die hospitaal opgeneem moontlik malaria ons wens hom vinnige herstel toe.

3.10 Tony Burchell se seuntjie is met ’n gewas in sy blaas gediagnoseer, sterkte vir hulle en ons hoop hy word gou gesond.

## 4. KONSTITUERING

Gaan nie oor iets stem nie, maar ons is ’n kworum

## 5. DOELSTELLINGS

*Om kennis op te doen van die wild- en natuurlewe.*

*Om met ander organisasies en instansies saam te werk wat dieselfde, en soortegelyke doelwitte nastreef as hierdie Vereniging en in die algemeen alles te doen wat bevorderlik*

*is vir die bewaring, beskerming, aanvulling en volhoubare benutting van die wild- en natuurlewe in die algemeen.*

*Om die jag van wild op selektiewe, oordeelkundige en etiese wyse in die algemeen te bevorder en niks te doen of toe te laat wat strydig is met enige landswet, of ordonnansie met betrekking tot wildbewaring en natuurlewe in die algemeen nie.*

*Die Vereniging is ŉ nie-wins Organisasie.*

*Die Vereniging is ŉ nie-politieke Organisasie en het geen politieke affiliasie nie.*

*Om ons kultuurerfenis van jag- en jagwapens te behou en enige bedreiging daarteen ten sterkste teen te staan. Om hierdie kultuur van jag- en jagwapens aktief uit te leef, te bevorder en uit te brei, veral onder die jeug. Om deel te wees, volgens keuse, van enige verteenwoordigende verkose liggaam, organisasie of vereniging wat op ŉ gekoördineerde wyse hierdie jag- en jagwapenkultuur beskerm en uitdra.*

## 6. VASSTELLING VAN AANVULLENDE SAKELYS (Toevoegings tot Agenda)

6.1 Charles doen beroep op lede dat as jy ŉ wapen het wat jy nie meer wil hê nie skenk dit asb. aan die BJV. Die BJV kan hom dalk verkoop en die geweer gaan dan nie verlore nie.
6.2 Daar gaan ŉ spesiale 50jaar mes elektronies opgeveil word. Ons sal die besonderhede op Facebook sit.

## 7. GOEDKEURING VAN NOTULES

Notule van 5 Junie 2019 is aanvaar teensy daar ŉ geldige beswaar kom binne 48 uur.

## 8. GOEDKEURING VAN NUWE-LEDE, LEDE WYSIGINGS, TOEGEWYDE JAGTERS EN/OF SPORTSKUTS

8.1 Nuwe lede

FG Coetzee (Snr)
Conrad Fourie (Jnr)
Herman Veldman (Jnr)
Ernest Sibiya (Snr)
DJ du Preez (Gesin)

8.2 Bedankings

SH van der Walt Lid 8455
Braam Dekker Lid 7224
AM Grundlingh Lid 9358

8.3 Pensioen Korting

AC Bekker Lid 9902

## 9. WYSIGING/BEDANKING/KOÖPTERING VAN VORIGE BESTUURSLEDE

9.1. Geen

## 10. SAKE VOORTSPRUITEND

10.1 Barend wou terugvoer gee vir Tyro Skiet. Barend Prinsloo en Oom Jannie het gegaan vir die opleiding en het ons gedink hulle kan ons lede dan oplei. Maar daar is ongelukkig net 2 instrukteurs in die land wat kan oplei. Barend en Jannie kan net lyding gee in oefeninge. Een van instrukteurs is in die Pêrel en een in die Rustenburg. Die man van die Pêrel kom af Gauteng toe die 8ste of 10de September 2019, so Barend het gesê hy sal gaan sodat hy ook geakkrediteer kan word. As iemand wil saam gaan moet hulle vir Barend kontak.

10.2 Weer 2 buffels laat jag vir R100 000.00 elk. Sal aan ons vennoot 'n brief skryf en hom bedank vir sy bemarking en moeite.

## 11. IMPALA / SKAKELBEAMPTE NUUSBRIEWE EN SUB REDAKSIE

11.1 Volgende uitgawe voor einde Augustus 2019

11.2 Kyk uit vir die soek en ruil hoekie spasie in die volgende uitgawe

11.3 Sluitingsdatum vir foto's en artikels en stories sal wees 18 Augustus 2019.

11.4 Lede moet onthou hulle kan ook hulle besighede adverteer vir 'n minimale bedrag van R150 vir kwart blad, R300 vir half blad, R500 vir vol blad en R1200 vir dubbel blad.

11.5 Kry asb. Marie se kontak besonderhede as julle dit nie het nie of stuur asb. vir Lia

## 12. KORRESPONDENSIE

12.1 Dinee van 17 Augustus 2019 vir 50ste bestaansjaar is gekanselleer.

12.2 Presidentskietdag ter viering van 50ste bestaansjaar 17 Augustus 2019

12.3 Uitnodiging na Musina tak se Ultimate Shot skiet Kompetisie 5 Oktober 2019 by SMG Skietbaan.

12.4 CHASA kursus vir toegewyde jagters

12.5 50 jaar vieringe: Hemde R350, Hoede R120, Pette R80

12.6 50jr Hemde en botteloopmakers

12.7 50jr Gedenkplate

## 13. OPLEIDING

13.1 Kontak Dr Len van der Walt vir die volgende Toegewyde Jagters kursus, moontlik in Oktober. Hy het nog net 1 persoon wat belangstel.

13.2 Kry nog belangstelling vir Jnr. 1 Kursus, is besig om te reël

13.3 Intermediêre kursus word weer bespreek met Musina Tak

13.4 Saterdag 17 Augustus gaan hulle die CHASA Toegewyde Skiet doen vir die wat die kursus gedoen het maar nog nie geskiet het nie.

13.5 Ondersoek die moontlikheid van nog 'n spoorsny kursus vir die jaar.

## 14. TROFEEMETING

14.1 Inskryf van trofees.

Die laaste dag wat jy jou trofees kan inskryf is 24 Augustus 2019. Kan gedoen word by Johan Holtzhausen by Kleynhansstraat 69. Skakel met Johan of Lia. Charles bedank hulle vir hulle hulp hierin.

**15. FONDSINSAMELING**

15.1 Geen, Barend het verskoning gemaak.

**16. SKIET , SKIETBAAN en SKIET TAAKSPAN**

16.1 Ampie het verskoning gemaak en 'n epos gestuur met terugvoer
16.2 Terugvoer CHASA Sport Skiet, 13 Julie 2019, baie goed gegaan, daar was 40 skuts en Theyman Jongbloed het gewen en het R200 ontvang. Ampie bedank almal wat dit bygewoon het.
16.3 Marius Botha nuwe lid by Sportskiet
16.4 Ons het tans 66 sportskiet lede
16.5 As jy nie op die Whatsapp groep is nie mak kontak met ons dat ons jou op die groep kan sit dat jy ook al die korrespondensie kan kry
16.6 Volgende sportskiet is 19 Oktober 2019, vir senterslag of jaggeweer

**17. FINANSIES en LEDEWERWING**

17.1 Terugvoer oor finansies. Gerald het verskoning gemaak.

**18. SAKE VIR BESPREKING (NUWE SAKE)**

18.1 Met lisensies wat verval het, is daar mos in die afwagting van die amnestie periode, en in hierdie tydperk het daar 'n Lid by Charles gekom wat eintlik uit die Kaap uit kom en hy het 'n handwapen wat hy nie weer wou hernu nie, toe vat hy dit na die Kaap se polisie stasie toe en se hy wil hom inhandig vir vernietiging. Toe sê die polisie vir hom hulle vat nie meer wapens in om te vernietig nie, hulle het 'n omsend skrywe gekry wat sê hulle moenie nou wapens vat totdat die amnestie ding nie afgehandel is nie. Ek dink hulle is mis-ingelig in die Kaap. Charles het hom aangeraai om dit dan hier te probeer ingee, of hy moet hom vat na 'n wapenhandelaar. Maar Charles het ook gehoor 'n wapenhandelaar mag hom nie inneem as die lisensie verval het nie. Frikkie de Jager het dit bevestig. Het hom toe geadviseer om 'n brief te kry wat bevestig dat die polisie geweier het om die wapen te vat. Mense word in die moeilike posisie geplaas dat hulle dalk vervolg word al het hulle probeer om hulle wapen in te handig. Charles sal navraag doen by Bes en terugvoer gee. Doen beroep op lede dat as hulle meer inligting het hulle asb. met hom in verbinding moet tree.
18.2 Bestuur moet op volgende bestuursvergadering bespreek wanneer ons die volgende jong buffels gaan koop.

**19. DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING**

Volgende Tak vergadering is op 4 September 2019 by Soutpansberg Golf Klub.

**20. AFSLUITING**

Charles sluit af met gebed.